Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

DIE O.B.

Jrg. 10 Kaapstad, 6 Junie 1951 Prys 3d. Nr. 27

# GROOT BELONING VIR OPPOSISIESKAP

**In die wetsontwerp wat beoog om pensioene aan ministers en parlementslede te laat toekom, word spesiale voorsiening gemaak vir Sy Majesteit se Opposisieleier. Hy kan soveel as £1,200 per jaar ontvang as hy die dag sy setel verloor — net soveel as 'n minister. Dit is die tweede keer in ons parlementêre geskiedenis dat die opposisieleierskap wetlike erkenning ontvang. Die vorige geleentheid was in 1946 toe genl. Smuts as eerste minister voorgestel het dat die leier van die opposisie (dr. Malan) 'n salaris van £2,000 per jaar moet ontvang in plaas van die £1,000 vir gewone lede.**

As die wetsontwerp aangeneem word — en dit sal waarskynlik eenparig deur die parlement goedgekeur word — **sal 'n eerste minister £1500 per jaar aan pensioen ontvang vanaf die oomblik dat hy uit die groen kussings gelig is. Hy dra daartoe niks by nie.**

Ander ministers en die leier van die opposisie sal 'n pensioen van £100 per jaar vir elke diensjaar ontvang tot 'n maksimum van £1200 per jaar. Hulle dra £4 per maand by.

Gewone parlementslede met 20 jaar diens of langer sal £500 per jaar ontvang en die wat meer as 10 jaar diens het £250 plus £25 vir elke diensjaar. Daartoe dra hulle £4 per maand by. Die pensioen is betaalbaar vanaf hul 55ste jaar.

# Sien Teenhanger Van Ossewabrandwag

## Blad Werp Interessante Lig Op Stryd Teen O.B.

**Die Burger se politieke beriggewer meen om in die War Veterans' Committee, die organisasie wat tans 'n stryd teen die regering aangebind het oor behoud van die grondwet, 'n teenhanger van die Ossewabrandwag te sien wat langs die politieke party 'n stryd voer vir 'n ideaal omdat daar nie voldoende vertroue in die politieke party bestaan nie.**

**Die berig lui dat die Committee, met afdelings oor die hele land, wat die fakkeloptogte en d i e „staalkommando" teen die Kleurlingwetgewing organiseer, ook nou 'n permanente beweging wil word en eerlang 'n kongres gaan hou.**

**Sommige politieke waarnemers, aldus Die Burger, voorsien 'n ontwikkeling in die antinasionale opposisie wat in sommige opsigte ooreenkom met dié in die nasionale opposisie tydens die oorlogsjare, toe die Ossewabrandwag langs die nasionaalgesinde party ontwikkel het.**

Die blad verklaar: „Hoewel hy self waarskynlik nie begryp nie, is die geesdrif vir die War Veterans' Committee aan baie eenderse grondoorsake toe te skrywe as die magsuitbreiding van die O.B. in die vroeë oorlogsjare. Dit is wesenlik 'n reaksie teen die politieke party wat tot dusver die stryd gevoer het. **Die opposisie-gesinde publiek kan geen vordering in die partystryd teen die regering gewaar nie, en is besig om geloof in die Verenigde Party as strydorganisasie, in sy metodes, sy beleid en sy leiers te verloor . . .**

### TREK SY TIENDUISENDE

„Dieselfde soort frustrasie wat die O.B. 'n reuse-beweging gemaak het, is nou aan die opposisiekant aan die werk." **Die War Veterans' Committee het dit reg gekry om met kleurvolle middels soos fakkels en opmarse en kommando's sy tienduisende te trek, waar die Verenigde Party net sy duisende kon monster.**

**„Groepkaptein ‚Sailor' Malan en selfs mnr. Dolf de la Rey het binne 'n paar weke vir die opposisie-publiek belangriker figure geword as wat adv. J. G. N. Strauss en die ander Verenigde Party-leiers ooit was.** Hulle het dit reggekry om die verwagting te prikkel dat iets nou bereik gaan word, dat hulle dade gaan lewer en nie net woorde nie."

### KOMMER

Dan verklaar die blad dat daar reeds kommer ontstaan het by die Verenigde Party. „Hulle het hulle met die organisasie geassosieer en moet dus sy dade teen kritiek verdedig, **maar die vraag vir die politici is watter beheer hulle oor die W.V.A.C. het.**

„Die taktiek van die politici sal waarskynlik wees (en hier is eie ondervinding klaarblyklik aan die woord.—RED.) nie om met die W.V.A.C. skoor te soek nie, **maar om hom deur middel van raadgewing en so 'n noue skakeling as moontlik op die pad van die Verenigde Party te hou as sy buite-parlementêre aksie-front.** Maar die W.V.A.C.-leiers sal stellig nie maklik hanteerbaar wees nie. Hulle het nou 'n aansien van hul eie. Die politieke leiers is nie oud-gediendes nie, het al die nadele van herhaalde politieke neerlae. Daarteenoor het die W.V.A.C. binne 'n paar weke 'n groot reputasie vir sukses opgebou. Die leiers het magtige skares voor hulle gesien. Hulle voel sterk en vol veglus. Hulle skyn lus te hê om die politici te wys ‚hoe dit gedoen moet word.'

### POLITICI SAL VEG

„Daar is dus stellig Verenigde Party-leiers wat die ontwikkeling en groei van die nuwe mededinger met 'n mate van kommer sal dophou. **Hulle wil nie 'n soort O.B. naas hulle op die politieke terrein hê nie. As hulle die W.V.A.C. kan gebruik, sal hulle dit doen, maar hulle sal veg teen 'n alternatiewe opposisie-leierskap en alternatiewe metodes en programme — agter die skerms so lank dit kan, maar openlik as dit nie anders kan nie.**

„Of die W.V.A.C. enigsins die groeikrag van die O.B. sal openbaar, moet nog gesien word. Almal het hul onmiddellike stukrag gevind in 'n trek oor die land; maar die O.B. het ook sy inspirasie geput uit die hele Afrikanergeskiedenis. Die W.V.A.C. put syne uit die twee wêreldoorloë. Hy sluit by implikasie oud-gediendes uit." Tot sover Die Burger.

Aan adv. Strauss en sy politici wat hulle bedreig voel, hierdie advies: **Vertel aan die publiek dat „Sailor" Malan familie is van dr. Malan en dus met hom skakel! Die skakelresep het nogal aansienlike resultate vir die politici afgewerp in hul stryd teen die Ossewabrandwag.**

## *Herinneringe uit die Vryheidstryd (9)*

# SWARTSTE BLADSY VAN ONS GESKIEDENIS

**Toe die Smutsparty met sy oorlogsbeleid die bewind deur die Koning se verteenwoordiger toegeken is—feitlik, indien nie heeltemal nie, onkonstitusioneel, sonder 'n verkiesing waarop genl. Hertzog staat gemaak het, was dit maklik te voorsien wat nou met die oorlogsteenstanders sou gebeur. Ek het my na afkondiging van die eerste oorlogsmaatreëls gehaas om namens die Ossewabrandwag die nodige gedragslyn bepaal te kry wat nasionaalgesinde burgers sou volg: (1) as Smuts die geweers wil afvat en (2) hy tot opkommandering van weerbare manne sou oorgaan. Te dien einde het ek die Kaaplandse leier van die Nas. Party en sy bestuur in hul kantoor ontmoet. Gesamentlik is die twee sake ernstig oorweeg en besluit op 'n verstandhouding, nl. dat die O.B. hier die leiding aan die „erkende Opposisie" sou laat, ook weens die feit dat die O.B. op daardie oomblik nog nie so goed georganiseerd was nie. Ek was onder die indruk dat die mense leiding sou kry om nie hul geweers in te handig nie.**

Toe die geweers egter kort daarna opgeroep word, was dr. Malan, om vir hom beter bekende redes, nie te beweeg om weiering aan te beveel nie, ondanks 'n groot en mees invloedryke deputasie opwagting by hom gemaak het. **Die tydsbepaling het intussen verstryk en Smuts met sy vyande van S.A. het al die wapens in hul besit gekry! Die volk was weerloos.**

Na hierdie teleurstelling het ek onmiddellik deeglike kommando-organisasie gelas en absolute weiering ingeval van kommandering, en Transvaal en Vrystaat versoek om desgelyks te handel. **Ek het die partyleiding hiervan verwittig. Ons sou nie toelaat tensy ons met wapengeweld onderdruk word dat een enkel gekommandeerde burger Smuts se leër aanvul nie! Ons was op georganiseerde verset nou voorberei.**

### BEVEL ONDERSKEP

Een van die bevelskrifte wat noodwendig deur die pos moes gaan, is onderskep en met kwaaie dreigemente teen die O.B. deur die destydse minister van justisie, Lawrence, in die pers gepubliseer. Hierdie publisiteit het ons vir verset so sterk gemaak dat die regering verplig was om gerustellend bekend te maak dat hy nie sou kommandeer nie. **Hierdie oorwinning deur die O.B. behaal, het die volk verheug en moedig gemaak. Die O.B. het sy ledetal verdriedubbel!**

### KRISISKOMITEE

Hoe hoopvol Afrikaners, ook elders buite die O.B., op 'n tydstip was dat die Smutsbewind tog ineen sou stort en Engeland die nederlaag gaan ly, blyk uit die totstandkoming van die **Krisiskomitee** onder leiding van dr. Malan wat in Pretoria moes gaan woon om ter plase te wees as die teuels van die landsbestuur oorgeneem moes word. Dat die Smutsbewind op daardie tydstip maar ook nie seker van sy eie voortbestaan was nie, blyk uit die speurder- en spioenasiebedrywigheid wat deur die doen en late van hierdie komitee veroorsaak was en o.a. 'n mikrofoon heimlik in dr. Malan se woonstel ingesit het.

Die komitee het dit wenslik geag om met die dagbestuur van die O.B. daadwerklike voeling te kry en te behou en die eerste samespreking het in Pretoria plaasgevind tussen die komitee en ons (adv. J. D. Jerling, ds. C. R. Kotzé en myself), toe weë en middele oorweeg is vir oorname van die bewind en handhawing daarvan wanneer die geleentheid hom bied.

### EENHEIDSGEVOEL

**Groter eenheidsgevoel en weersydse vertroue en openhartigheid was ondenkbaar.**

Dit was as gevolg van hierdie hartlike samewerking dat ek die vrymoedigheid gehad het om van 'n sambok te praat waarmee ons skeurmakers in nasionale geledere sal inpiets. **Ek het dit gedoen op versoek van die partyleier en dit het seer seker goeie gevolge gehad hoewel tydelik.**

Dit was nie die enigste bewys van die betekenis van die Ossewabrandwag vir die samesnoering van Afrikanerkragte nie. Een van die meer bekende aanwendings van sy krag vir die behoud van eenheid was toe ongeveer dertien lede van die Malan-groep beslis geweier het om die hereniging van die twee nasionale groepe (Hertzog en Malan) te verseël die dag voor die verdaging van die parlement. Hierdie twee spanne het pragtig saamgeveg teen Smuts se oorlogsbeleid en het reeds een of meer gesamentlike koukusbyeenkomste gehad. Maar toe voorgestel word van die kant van Malan om op die laaste gesamentlike byeenkoms weersydse mosies van vertroue en dank in die twee leiers te stel, weier 'n aantal van sy ondersteuners beslis. **Hulle wou nie hul vertroue in Hertzog uitspreek nie.**

### KRISIS DREIG

Die Donderdagaand voor die gesamentlike koukus wat Vrydagmôre om 10-uur sou plaasvind, het hierdie weiering gedreig om 'n eersterangse krisis te veroorsaak. Dr. Malan het reeds besluit om as Kaaplandse leier te bedank as daardie volgelinge van hom 'n teenvoorstel in die koukus sou maak.

Ek was in bed met 'n aanval van griep toe 'n dringende boodskap van adv. Johan Conradie (nou Speaker), my bereik dat ek na die parlementshuis moet kom. En hoe ek ookal verduidelik dat ek nie kon nie, bly hy aandring en sê „jy moet terwille van die volk. Jy is hier dringend nodig."

### O.B. MOET RED

'n Motor het my kom haal en by my aankoms word die hele saak en die erns daarvan aan my voorgelê. „Wat moet of kan ek dan tog doen as dr. Malan hulle nie kan oorreed nie? vra ek. **„Die Ossewabrandwag alleen kan die ramp afweer. Etlikes onder hierdie parlementslede is offisiere en jy kan hulle beveel ge om te gehoorsaam," is my geantwoord.** Paul Sauer was een van die weieraars en miskien die hardnekkigste. Na ek hom verwit-

(Vervolg in volgende kol:)

(Vervolg van vorige kol.)

tig het dat ek verplig sou wees om op te tree as hulle hierdie kans tot eenwording verongeluk, het hy na heelwat teenkanting toegestem. **Desgelyks het ek ook etlike ander voor stok gekry en gedreig dat ek aan die koukus sou skryf dat wie nie die mosie die volgende oggend steun nie, volksvyand deur die O.B. verklaar sou word! Met die uitsondering van drie afwesiges het almal die mosie daardie Vrydagoggend gesteun. Die volk daarbuite het dit toegejuig om Hertzog en Malan in die Volksraad herenigd te sien.**

### BRITSE REPUBLIEK

Die Smutsbewind het met vervolging begin. Manne is onver-

(Vervolg op bls. 6 kol. 4.)

DIE O.B., WOENSDAG, 6 JUNIE 1951

# YSKASBELEID WAS 'N FOUT

Dr. Malan het hom verlede week veereens oor die republiek uitgelaat en wel by geleentheid van die jeugorganisasie van sy party. Hy het toe die stelling gemaak dat „ons 'n republiek sal kry met ons eie kragte en eie beleid" en daaraan toegevoeg **dat Brittanje ons in dié rigting kan dwing met sy ongunstige kritiek op ons binnelandse aangeleenthede.**

Laat ons dadelik beklemtoon dat as dr. Malan van 'n republiek praat, hy iets anders in gedagte het as die tradisionele ideaal van die Afrikaner. Hy dink nie meer aan die republiek as 'n verbreking van die Britse konneksie nie, maar bloot as 'n naamsverandering binne die Britse Statebond, soos Indië. Altans, dit is die beleid wat hy verkondig het sedert sy terugkoms uit Londen in 1949. **Maar wanneer dr. Malan die Britte waarsku dat Suid-Afrika die voorbeeld van die Voortrekkers kan volg indien hulle voortgaan met hul vyandige kritiek, kan hy niks anders bedoel as 'n volbloed-republiek nie — iets wat hy ongelukkig nie as 'n feit voorhou, soos in sy eerste stelling nie, maar wat hy vir die Britte voorhou as 'n kweperlat waarmee hy blykbaar hoop om hulle tot bedaring te bring.**

**Ons het hier dus met twee dinge te doen — 'n voorspelling van 'n republiek, wat op grond van dr. Malan se jongste beleid, 'n Britse republiek beteken, en 'n waarskuwing aan die Engelse dat ons 'n egte republiek kan kry indien hulle nie ophou met hul vyandigheid nie.**

Ons wil net oor die tweede hier vandag handel, want daarin lê opgesluit 'n baie belangrike waarheid.

### ONLUSTE

Ons het die afgelope week in Kaapstad tonele van groot opruiing en oproer belewe as gevolg van die regering se kleurwetgewing. 'n Groot deel van, en moontlik alle, verantwoordelikheid vir hierdie onluste moet gelaai word op die opposisie en sy pers wat geen steen onaangeroer gelaat het om die verlies van 'n aantal Kaaplandse setels te probeer verhoed nie. Ons wil egter nie meedoen aan die vrugtelose gekef teen die onverantwoordelikhede van 'n „amptelike opposisie" nie omdat ons weet dat **alle opposisies onverantwoordelik is. Ons glo nie daaraan om teen die slegte vrugte van 'n slegte boom te raas nie. Ons verkies om die hele boom uit te haal en deur 'n betere te vervang. Daarom beywer ons ons teen die Britse politieke stelsel wat vir onverantwoordelike opposisies plek inruim, en nie soseer teen die opposisies self wat die stelsel voortbring en selfs vereis nie.**

**En wat vind ons nou ? Die opposisie is besig om van die kleurvraagstuk 'n konstitusionele stryd te maak en in hierdie stryd het 'n nuwe organisasie sy verskyning gemaak, wat, soos Die Burger self verklaar, 'n teenvoeter van die Ossewabrandwag is wat ook 'n konstitusionele stryd aangebind het — in ons geval nie vir behoud van die konstitusie nie, maar vir die algehele vervanging daarvan. Met ander woorde, waar dr. Malan gemeen het om 'n grondwetlike stryd te vermy deur die republiek in die yskas te stop, en hom te bepaal by suiwer rasse-aangeleenthede ten opsigte waarvan hy gehoop het 'n deel van die Engelse hom sou steun, daar dwing die onverantwoordelike opposisie van Sy Majesteit die stryd vanself nou in die rigting van 'n konstitusionele aksie. DIE STRYD WOED NOU — EN HY GAAN STEEDS FELLER WOED — OOR DIE GRONDWET.**

### KAR VOOR PERDE

Die vraag kom dus baie pertinent op: **Het dr. Malan nie die kar voor die perde gespan toe hy die republiek laaste op die agenda geplaas het in plaas van eerste nie? Hy kry nou 'n konstitusionele stryd sonder dat hy 'n republiek het** — 'n konstitusionele stryd wat reeds al gepaard gegaan het met brandende fakkels en klippe na aanleiding van maar 'n **enkele** klein wysiginkie van die grondwet. Sou dit nie beter gewees het as hy die konstitusionele stryd laat ontketen het oor die hele grondwet nie? Want as hy die republiek gebring het wat hy in 1941 aanvaar het toe hy verklaar het: „Ons besef nou beter as ooit tevore dat die Britse konneksie die bevordering en die praktiese uitlewing van ons eie nasieskap in die pad staan; dat dit die grondoorsaak is van **wrywing tussen die rasse en van onophoudelike bittere verdeeldheid tussen Afrikaners; dat dit die oplossing van ons grootste en dringendste vraagstukke, soos byvoorbeeld DIE KLEURVRAAGSTUK** ernstig belemmer," dan sou ons wel dieselfde stryd gehad het oor die grondwet as nou, **maar as die nuwe republikeinse grondwet eers eenmaal daar was en die volk die seëninge van 'n eendrag-stelsel in teenstelling met die Britse tweedrag-stelsel ondervind het, sou die stryd mettertyd oorgewaai het. En dan het ons eenheid gehad en die regte gesindheid vir die oplossing van „ons grootste en dringendste vraagstukke, soos byvoorbeeld die kleurvraagstuk."** Wanneer die stryd nou eendag oorwaai — indien dit ooit gaan oorwaai — **dan sit ons maar nog met 'n Britse konneksie en 'n Britse grondwet!**

(Vervolg in volgende kolom.)

(Vervolg van vorige kol.)

### BEWYS

Die feit dat dr. Malan nou self waarsku dat Britse bemoeiing met ons kleurvraagstuk ons na 'n republiek kan dryf, is 'n baie sterk onderskrywing van ons stelling dat hy die kar voor die perde gespan het toe hy die republiek laaste op die agenda geplaas het. **As ons na al die lawaai tog uiteindelik ons toevlug na 'n republiek moet neem soos die Voortrekkers, waarom dit nie heel eerste gedoen voordat die hele wêreld teen ons gedraai het weens ons „onderdrukking van die nie-blankes" nie?**

**Die wêreldmening sou veel simpatieker gestaan het teenoor 'n vryheidstryd in Suid-Afrika as teenoor ons kleurstryd, en wanneer ons die nuwe grondwet gebring het, kon 'n groot deel van die huidige twispunte vanself uitgeskakel gewees het.**

# Van Die Os Op Die Esel

## Deur Sybrand

### *Opposisie Moet Regering se Rug Krap*

Ek sien dat die propagandiste van die Herenigde Nasionale Party in die jongste tye druk besig is om die Verenigde Party-opposisie aan te hits en aan te por om vandag dieselfde diens aan die Malan-regering te lewer as wat die H.N.P.-opposisie tydens die oorlogsjare aan die Smuts-regering gelewer het. Dit kom daarop neer dat die H.N.P.-propagandiste vandag aan die V.P.-opposisie sê: In die oorlogsjare het ons julle rug gekrap; nou is dit weer julle beurt om ons rug te krap!

Per slot van sake die Herenigde Party en die Verenigde Party is gevestigde politieke partye wat verstaan dat die partyspel van „My Bewind en Jou Bewind" streng volgens reëls gespeel moet word. En die reëls vereis klaarblyklik dat die twee ou partye altyd moet saamspan teen 'n nuwe derde-mannetjie. En nou eis die propagandiste van die H.N.P. dat die V.P. die reëls van die spel moet nakom — net soos die H.N.P. in sy dae van opposisieskap gedoen het.

### *H.N.P. Eis Beloning*

In die oorlogsjare het daar 'n nie-partypolitieke aksie-beweging in die skoot van die Afrikanervolk ontstaan. Dit was die Ossewabrandwag. Die Smuts-regering het met sy hande in die hare gesit. Hoe moet die O.B. vernietig word of van sy slaankrag beroof word? Enige optrede teen die Ossewabrandwag, van die kant van die Smuts-regering, sou net die uitwerking hê om die O.B. sterker en gevaarliker te maak. Dit is bewys deur die berugte interneringsbeleid van die oorlogs-regering.

Dit is onder hierdie omstandighede dat dr. D. F. Malan, Sy Majesteit se Opposisieleier, ingegryp het. As leier van die nasionaalgesinde opposisie kon hy doen wat die destydse regering nie kon doen nie. Hy kon oorlog verklaar teen die Ossewabrandwag en deur die Afrikanervolk te verdeel die slaankrag van die O.B. vernietig. Dit is die diens wat die H.N.P.-opposisie tydens die oorlogsjare aan die Smuts-regering gelewer het.

En vandag eis die H.N.P.-regering beloning vir gelewerde diens! En hy stel sy eis openlik, sonder om te blik of te bloos, in sy party-koerante!

### *V.P. Aangehits tot Oorlog teen die War Veterans*

'n Beweging wat die vorm begin aanneem van 'n nie-party-politieke aksiebeweging is tans besig om in die geledere van die Opposisie te ontstaan. Wat oorspronklik 'n komitee was — War Veterans' Action Committee — is besig om tot 'n landswye aksie-beweging te groei. Vanselfsprekend kan so 'n beweging vir die regering gevaarlik wees. Maar hoe kan die regering die beweging vernietig of van sy slaankrag beroof? Dr. Malan verkeer vandag in dieselfde dilemma teenoor die War Veterans as waarin veldm. Smuts destyds teenoor die Ossewabrandwag verkeer het. Enige stappe wat die regering teen die War Veterans mag doen sal hierdie opposisie-aksiebeweging net sterker en gevaarliker maak. Maar wat die regering nie kan doen nie, kan die Opposisie doen.

Derhalwe verlang die H.N.P.-regering vandag dat die V.P.-opposisie oorlog moet verklaar teen die War Veterans, net soos die H.N.P.-opposisie destyds teen die O.B. oorlog verklaar het. En die H.N.P.-propagandiste skroom hoegenaamd nie om die V.P. openlik aan te hits om dit te doen nie. Ek sal voorbeelde van die aanhitsing aanhaal uit die hoof-propaganda-orgaan van die H.N.P.

*Vir O.B.-lede sal die aanhalings baie interessant wees omdat daarin die H.N.P.-propaganda vir die eerste keer erken dat die party die stryd teen die O.B. aangeknoop het en die redes vir die stryd verstrek.*

### *Die V.P. Word Banggemaak*

Hier volg nou eers die stukkies H.N.P.-propaganda (alle aanhalings is uit Die Burger van 31 Mei en 2 Junie) wat bereken is om die V.P.-voormanne bang te maak vir die War Veterans:

„Sommige politieke waarnemers voorsien 'n ontwikkeling in die anti-Nasionale opposisie wat in sommige opsigte ooreenkom met dié in die Nasionale opposisie tydens die oorlogsjare.

„Tussen die Nasionale Party en die Ossewabrandwag het verskille oor metodes, leiers en programme ontstaan wat uitgeloop het op 'n bittere broedertwis en openlike politieke oorlog. Daar was net vir een groot beweging teen die oorlogsregering, plek, nie vir twee nie."

*O.B.-lede sal oplet dat die H.N.P. teen die O.B. oorlog verklaar het — omdat daar nie vir twee bewegings plek was nie. Waarom nie? Die H.N.P. se antwoord is klaarblyklik dat daar net een bewind is wat gebuit kan word! Die O.B. sê dat daar vir baie bewegings plek is wat elkeen sy besondere diens aan die volk kan lewer. Hieruit blyk duidelik die verskillende gesindhede van die H.N.P. en die O.B. Die party soek sy eie voordeel; die O.B. soek om die volk te dien.*

### *Die Politieke Party se Rekord van Mislukkings*

Vervolgens waarsku die propagandiste van die H.N.P. die V.P.-voormanne dat hulle verplig sal wees om op te tree teen die War Veterans terwille van die behoud van hulle party as sodanig, want die War Veterans, net soos die Ossewabrandwag, is die simbool van die partyvolgelinge se „frustrasie" as gevolg van die „party en sy politici se rekord van mislukkings." Die H.N.P. sê:

„Hy (die War Veterans) open kantore en stel ampsdraers aan. Hy samel fondse in wat die Verenigde Party graag self sou wil gehad het, en hy gaan kongres hou. Tal van oud-gediendes sal 'n al hoe groter gevestigde belang kry by die nuwe organisasie. Hulle sal nie tweede viool wil speel teenoor die Verenigde Party en sy politici met hul rekord van mislukking nie.

„Hoewel hy dit self waarskynlik nie begryp nie, is die geesdrif vir die War Veterans' Committee aan baie eenderse grondoorsake toe te skrywe as die magsuitbreiding van die O.B. in die vroeë oorlogsjare.

„Dit is wesenlik 'n reaksie teen die politieke party wat tot dusver die stryd gevoer het. Die opposisie-gesinde publiek kan geen vordering in die partystryd teen die Regering gewaar nie, en is besig om geloof in die Verenigde Party as stryd-organisasie, in sy metodes, sy beleid en sy leiers te verloor.

„Dieselfde soort frustrasie wat die O.B. 'n reuse-beweging gemaak het, is nou aan opposisiekant aan die werk."

*Dit is nou duidelik dat die H.N.P. met die O.B. begin baklei het omdat die party se eie-belang hom belet het om 'n volksbeweging te duld wat ontstaan het uit die volk se frustrasie oor die politieke party se rekord van mislukkings.*

### *Strydprogram aan V.P. Voorgelê*

Nadat die H.N.P.-propagandiste die V.P.-voormanne klaar bang gepraat het begin hulle om die verskillende stadiums van die V.P. se verlangde stryd teen die War Veterans te skets.

*O.B.-lede sal agterkom dat die H.N.P.-propagandiste vir die V.P.-mense voorsê om teen die War Veterans te veg net soos die H.N.P. vroeër teen die O.B. geveg het.*

Die eerste stadium is om vriendskap met die aksie-beweging te veins:

„Die taktiek van die politici sal waarskynlik wees, nie om met die W.V.A.C. skoor te soek nie, maar om hom deur middel van raadgewing en so 'n noue skakeling as moontlik op die pad van die Verenigde Party te hou as sy buite-parlementêre 'aksie-front.' Maar die W.V.A.C.-leiers sal stellig nie maklik hanteerbaar wees nie. Hulle het nou 'n aansien van hul eie. Die politieke leiers is nie oud-gediendes nie, en het al die nadele van herhaalde politieke nederlae. Daarteenoor het die W.V.A.C. binne 'n paar weke 'n groot reputasie vir sukses opgebou. Die leiers het magtige skares voor hulle gesien. Hulle voel sterk en vol veglus. Hulle skyn lus te hê om die politici te wys 'hoe dit gedoen moet word.'"

*Die H.N.P. het altyd geëis dat die O.B. die party se aksie-front moet wees. En die reuse-vergaderings wat O.B.-leiers gehou het was van die begin af 'n steen des aanstoots vir die H.N.P.-politici.*

### *Die Rol van die Skakelpersone*

Die tweede stadium is dat die politieke party skakelpersone of „spioene" in die aksie-beweging moet „plaas."

„Die wrywing en mededinging sal in sekere mate teengehou kan word deur mense met 'n voet in albei kampe — politici wat ook oud-gediendes is, en oud-gediendes wat ook politici is. 'n Openlike botsing tussen die Nasionale Party en die O.B. is lank vermy deurdat so baie Afrikaners lid was van albei or-

(Vervolg op bladsy 5 kol. 1.)

# BRITTE BEREI PERSIË AS TWEEDE KOREA VOOR

**Toe in Maart ll. skielik die krisis in Persië ontstaan het wat lankal verwag kon word, toe die enigste sterk man in Teheran die slagoffer van 'n sluipmoord geword het ten einde die nasionalisasie van die oliebedryf te kan deurvoer, het die wêreld homself afgevra: Hoe is dit moontlik?**

**En weer moes die wêreld tot die gevolgtrekking kom dat daar geen gekoördineerde wêreldpolitiek tussen Engeland, die V.S.A. en die lede van die V.V.O. bestaan nie.**

**Dit is skokkend, en 'n mens kan sê dat dit misdadig is dat die verantwoordelike persone wat geweet het hoe hierdie brug tussen Arabië en Indië in groot gevaar verkeer het, nie die aandag op die gevaar gevestig het nie, maar nog buitendien daartoe bygedra het dat dit tot 'n uitbarsting gekom het.**

Die leidende persone in Engeland sal nog in die geskiedenis as die skuldiges bekend staan as uit Persië 'n tweede Korea ontstaan.

Verlede jaar het die Amerikaanse onderminister McGhee probeer om aan die maghebbendes in Londen te verdúidelik dat hulle gou moet besluit om 'n gemeenskaplike politiek in Persië te volg.

Met 'n verwaandheid wat 'n mens slegs by 'n Engelsman vind, het hulle aan die Amerikaners meegedeel dat hulle so baie ervaring in Persië opgedoen het, dat hulle geen raad nodig het nie.

Toe die probleemkind van die Engelse regering, Ernest Bevin, in Amerika was, het die Amerikaners weer probeer om die gesprek op die gemeenskaplike politiek in Persië te bring. Maar Bevin was doof.

Die Engelse gesant in Teheran is sir William Fraser en sy vernaamste taak is om te sorg dat sy politiek en die geldpolitiek van die Anglo Iranian Oil Co. ooreenstem. Vir tientalle jare het die Britte hul beleid van omkopery voortgesit sonder om die tekens van die tye in aanmerking te neem.

### BRITTE SE MAG

Dit was die Britte wat Reza Sjah in sy magsposisie geplaas het, en dit was dieselfde Britte wat hom in 1941 verdryf het.

Waarom het die Britte vir Reza Sjah laat val?

Die rede was dat Reza Sjah sedert 1932 nie meer tevrede was met die ou verdrae nie, want dit het vir hom al hoe meer na verdrag vir slawehandel gelyk, en glad nie na 'n staatsverdrag nie.

Die Anglo Iranian Oil Co., waarvan die Engelse staat 52 persent van die aandele besit, het bloedweinig vir die opbou van Persië gedoen.

As 'n mens daarby in aanmerking neem dat sedert die verdwyning van Reza Sjah in 1941, Persië reeds 24 regerings gehad het, dan is dit verstaanbaar dat die Persiese volk sir William Fraser daarvoor verantwoordelik hou dat daar so 'n gebrek aan stabiliteit heers.

> **Die Buiteland In Oënskou Deur „*Ski*"**

### AMERIKANERS

Die Perse het as teenvoeter van die Engelse die Amerikaners na hul land gehaal. Die Amerikaners het ernstig probeer om die vraagstukke van Persië aan te pak. Hulle het tot die natuurlike gevolgtrekking gekom dat dit eers nodig sou wees om die ongelooflike sanitêre en maatskaplike toestande te verbeter, voordat dit moontlik sou wees om in Persië 'n nywerheid op te bou.

Die Amerikaners het aan die hand gedoen dat die winste uit olie gebruik moet word om die land op te bou. Hul plan was om 28 persent vir gesondheidsdienste te bestee, 25 persent vir verbetering van die landbou, 23 persent vir verkeersmiddele en 14 persent vir die stigting van nywerhede.

**Maar sodra die plan bekend geword het, moes die Amerikaners ontdek dat die Engelse bitter teen hulle gekant is.**

### OMGEKOOP

Die Engelse het die kringe van die Persiese parlement omgekoop wat geen voordeel kon sien in die verdeling van die oliewinste nie. Die gevolg was dat die Amerikaanse plan verwerp is.

Persië het egter nog 'n keer die geleentheid gekry om sy nywerheid stelselmatig op te bou, toe die jonge Sjah die hoof van sy generale staf, Ali Razmara tot eerste minister benoem het. Gelyktydig het die Amerikaanse regering een van sy knapste administratiewe amptenare, H. Grady, na Teheran gestuur. Deur die samewerking van die twee manne sou dit moontlik gewees het om die vraagstukke van Persië op te los. **Maar ook hierdie samewerking is deur die intriges van Engeland onmoontlik gemaak. Die belangstellende Amerikaanse firmas het hulle aan die saak onttrek, die Amerikaanse departement van buitelandse sake het sy geduld verloor en Persië is aan die Engelse oorgelaat.**

### RUSLAND

Daarna het die Persiese kringe wat reeds daaraan gewoond was om hul omkoopgeld presies op tyd te kry, onrustig geword, want skielik het die welkome pondjies weggebly. **Na die vertrek van die Amerikaners het die Engelse geen medediging meer hoef te vrees nie, en gevolglik was dit klaarpraat met die omkoopgeld.**

Genl. Razmara het gevoel dat hy geen werklike beskerming teen die groeiende druk van die Russe het nie. Hy het Engeland nie alleen as 'n onbetroubare politieke vennoot beskou nie, maar ook 'n genadelose uitsuier. Gevolglik het hy met Rusland 'n handelsverdrag aangegaan om die verhouding teenoor sy noordelike buurman op normale voet te bring.

Die korrupte Persiese kringe het nou besef dat hulle die speletjie heeltemal verloor. Hul uitweg was om genl. Razmara uit die weg te ruim, en die oliebronne te nasionaliseer.

### INMENGING

Persië is nie in staat om die produksie van olie in dieselfde omvang voort te sit nie, want daarvoor ontbreek nie slegs die tegniese middele nie, maar ook die vloot tenkskepe wat vir die vervoer nodig is. **Hierdie faktore begunstig almal 'n Russiese inmenging. As so 'n inmenging plaasvind, dan is Engeland en slegs Engeland die oorsaak daarvan.**

**Dit is nie slegs die olie vir Engeland wat op die spel staan nie, maar die olie vir Europa en vir die vloot van die Verenigde Volke. Sonder olie is Asië vir die Weste verlore. Sonder olie kan 'n oorlog teen Rusland nie gewen word nie.**

**Is dit miskien 'n beklinkte saak? Wie het belang by 'n oorwinning van Rusland? In die geval van Europa ken ons reeds die donker skaduwees.**

# AFHANKLIKES VAN TEREGGESTELDES

**Die Sekretaris van die Stille Hulp, pk. Melodie, Oor Pretoria, skryf:**

'n Hulporganisasie wat hom uitsluitlik tot doel stel om sg. oorlogsmisdadigers en hulle afhanklikes te ondersteun, is onder die naam STILLE HULP gestig. Die Stille Hulp vir Suidelike Afrika werk saam met die „STILLE HILFE" in Duitsland met takke versprei oor die hele wêreld. Aan die hoof van die „Stille Hilfe" staan prinses Isenburg vir Suid-Duitsland, en prinses Schaumburg-Lippe vir Noord-Duitsland.

Die Stille Hulp is 'n Liefdadigheidsorganisasie sonder winsbejag, en alle lede is erelede wat nòg besoldiging nòg vergoeding vir hulle dienste ontvang.

Die bestuur bestaan uit die volgende lede: Erepresident: Johan Schoeman; erevoorsitter: C. E. A. Moller; eresekretaris: C. Kruger; eretesourier: L. Schoeman; lede: H. J. Aschenborn, E. Holm.

Persone van die openbare lewe word uitgenooi om, deur 'n donasie van minstens £50, erelede van die Stille Hulp te word. 'n Uitvoerende komitee bestaande uit die volgende lede, is verantwoordelik vir die organisasie werk van die Stille Hulp: **Bydraes:** L. Schoeman, pk. Melodie, oor Pretoria. **Korrespondensie** (Afrikaans) E. Holm, pk. Melodie, oor Pretoria. **Korrespondensie** (Duits) H. J. Aschenborn. 31ste Laan 651, Villeria, Pretoria.

Die algemene werksaamhede van die vereniging behels die stigting van takke oor die hele land; insameling van geldbydraes; pakkette te stuur deur reeds bestaande hulporganisasies vir Duitsland, en verspreiding van inligting.

Die Stille Hulp onderneem om van tyd tot tyd openbaar verslag te doen omtrent die uitslag en besteding van ingesamelde geld.

U kan help deur u eie bydrae; verspreiding van inligting en verskaffing aan Stille Hulp van adresse van goedgesindes.

# „MISDADIGERS" SE LAASTE WOORDE

**Aan die laaste woorde van veroordeeldes word dikwels besondere waarde geheg omdat aangeneem word dat hulle op die skavot vrygemaak staan van alle persoonlike oorwegings. Hieronder volg sommige van die laaste woorde van Duitsers wat na die oorlog deur Geallieerde militêre howe ter dood veroordeel is. Dit word deur die Stille Hulp-organisasie openbaar gemaak.**

„Slegs die een bede doen ek, soos ons almal wat hierdie gang na die galg moet gaan: moenie ons vergeet nie! Hierdie ‚moenie ons vergeet nie' wil nie wraak en nie haat beteken nie. Julle moet net besef dat ons vir ons vaderland sterf. Ons en julle is geen misdadigers nie, ons het ook geen misdadige aanleg nie. Ons het geen misdaad begaan nie. Dink aan ons asof julle aan Duitsland dink."—**Reinhard Purucker,** gehang te Landsberg, 26/11/'48.

„Wat met my geskied is 'n regsmoord. Ek het niemand vermoor en niemand doodgeslaan nie. Ek vertrek van hierdie aarde na 'n ewigheid waar 'n geregtige Regter regspraak hou; 'n Regter wat nie misgissings maak soos die aardse regters wat dalk opsetlik dit doen! Ek verlaat die aarde; Jesus toon my U genade."—**Josef Remmele,** gehang te Landsberg, 3/12/'48.

„My gewete en my eer as offisier is rein. Alle beskuldigings teen my is versinsels. Dit sweer ek voor my God en by my eer. Mag God julle vergewe wat julle teen my gedoen het." —**Johann Eicheldörfer,** gehang te Landsberg, 28/5/'46.

„Ek verklaar nogeens dat ek onskuldig is. Almal wat skuldig is aan my lot, vergewe ek van harte. Ek smeek God om vergiffenis en hoop dat Hy my in sy Ryk sal opneem."—**Josef Kiwitt,** gehang te Landsberg, 15/10/'48.

### 'N KLAP

„Indien daar 'n wet bestaan waarvolgens 'n klap die doodstraf verdien, dan sterf ek skuldig. Ek sterf tog; maar ek vrees die dood nie. Ek vergewe julle almal. Wraak en haat het my hier onder die galg gebring."—**Hans Wolf,** gehang te Landsberg, 19/11/'48.

„Wanneer ek hierdie skavot betree, beteken dit vir my geen skande nie, want daar het reeds beter manne voor my hier gestaan. Ook ek het geen misdaad begaan nie. **Ek het slegs 'n bevel uitgevoer net soos dit ook elke Amerikaner sou moet uitvoer. Ook het hierdie bevel nie met die internasionale reëls van oorlogsvoering gebots** nie . . . Ook is ek nie skuldig-gevind volgens regsbeginsels nie, wel egter volgens die beginsel: ‚Vae victis' (wee die oorwonnene). Ook kan die dood my geensins laat vrees nie. Ons groot digter Friedrich Schiller sê:

Die lewe tel nie tot die hoogste goedere nie;
die ergste euwel egter is die skuld.

Ek sterf onskuldig."—**Kurt Müller,** gehang te Landsberg, ?

„Ek is die slagoffer van asosiale en misdadige elemente. Die militêre geregshof in Dachau het hierdie elemente die voortou gegee tot dit my tot die dood veroordeel het. Ek het die misdaad en moord waarvan ek beskuldig word, nooit begaan nie. In die laaste oomblikke van my lewe . . . "

Sy woorde is gesmoor deur die swart gesigskap wat oorgewerp is. — **Rudolf Klein,** gehang te Landsberg, 22/10/'48.

# Konferensie Met Empire-Lande Oor Verdediging

Die minister van Verdediging. mnr. F. C. Erasmus, vertrek binnekort na Londen waar hy aan die hoof van 'n Suid-Afrikaanse afvaardiging, militêre samesprekings vanaf 21 Junie met Brittanje, Australië, Nu-Seeland en Suid-Rhodesië sal hou. Kanada sal net 'n waarnemer stuur.

Die Verdedigingskonferensie in Londen volg op die samesprekinge wat die eerste minister en minister van Verdediging 'n paar weke gelede in Kaapstad gehad het met die Britse opperbevelhebber van die Britse magte in die Midde-Ooste, genl. Brian Robbertson.

Suid-Afrika sal op die konferensie in besonderhede moet verduidelik hoe groot sy bydrae tot die verdediging van die Midde-Ooste sal wees. Na bewering, sal die Unie naas Brittanje die grootste verantwoordelikheid vir daardie gebied moet neem.



**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**

(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Handelsadvertensies:**

Eerste plasing 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Intekengeld op „Die O.B."** (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/3 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings, en intekengeld na **VOORSLAG (EDMS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.**

### FLUKSE BOER NODIG

**Bewerkte plaas,** 20 morge onder vaste water; koejawel- en pruimboord kom vanjaar in volle drag; naby inmaak-fabriek, dorp en spoorweg, met goeie woonhuis, bied groot moontlikhede vir iemand wat dit om die helfte wil aanneem en boerdery uitbrei. Doen aansoek by: ADVERTEERDER, Posbus 1411, Kaapstad. 30/5/TK

### TE KOOP GEVRA

**Twee swaar trekperde.** Percheron of Clydesdale. Skryf aan: Adverteerder, Posbus 1411, Kaapstad.

### MEUBELS

**MEUBELS.**— Beter meubels teen **billiker pryse** Babawaentiies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen Katalogus. Meld waarin u belangstel. **—VISSER-MEUBELS, Langstraat 179, Kaapstad.** 3/12/11

### GRYSHARE

**GRYSHARE,** skilfers, ou voorkoms, onnodig. Oortuig u self deur **GRYSHAARWONDER** die jongste kunsmatige wêreldwonder, haar en kopvel voedingsmiddel te gebruik, skadeloos, kleurstofvry, 5/- per bottel, geld met bestelling.—**Boeregeneesmiddels,** Posbus 4272, Johannesburg. D/1/9/49

**Antigrys kunsmatige haar,** kopvel voeding. Herstel gryshare en baard binne een maand tot natuurlike kleur, of geld terug. Geen kleurstof. 5/6 Per bottel, posvry. Kontant met bestelling. **Die Boerevrou, Posbus 7559, Johannesburg.** F14/6/50

### MEDISYNE

**GESONDHEID** is u regmatige erfenis, oortuig u self deur ons behandelings te gebruik en u kwaal te ontwortel, skryf, inligting gratis, **Boeregeneesmiddels,** Posbus 4272, Johannesburg. B/1/9/49

**Voor u alle hoop van genesing laat vaar,** en u aan die ergste onderwerp skryf, dan vir oulaas, raadpleeg **Die Boerevrou, Bus 7559, Johannesburg.** (Nr.1) 1/9/49

### RADIO

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435

*Ander Se Menings*

# PARTYE HET BAIE PUNTE VAN OOREENKOMS

**Iemand wat homself „Kalie" noem, tref 'n vergelyking in die Cape Times tussen die Verenigde en Herenigde Partye se konstitusies ten opsigte van naturelle-politiek na aanleiding van die vraag of die twee partye kan saamwerk sover dit hierdie aangeleentheid betref. Hy skryf:**

„Die naturellebeleid van die V.P. is kortliks:

‚In ooreenstemming met sy program van beginsels staan die party vir blanke leierskap en gesag en herbevestig die beginsel van christelike voogdyskap ten opsigte van die naturellevolke as 'n permanente deel van die bevolking.

‚Die party se naturellebeleid is gebaseer op 'n erkenning van die feitlike posisie, meer in besonder (a) die verskille tussen blankes en naturelle; (b) die bestaan van 'n gevestigde naturellebevolking op die plase en in die stedelike gebiede behalwe die naturelle in die reserwes.

**‚Die Party is gevolglik nie ten gunste van 'n beleid van gelykstelling en assimilasie nie en staan (a) vir die handhawing van 'n beleid van maatskaplike en woonbuurte-skeiding en die vermyding van rasse-vermenging** en (b) vir die ontwikkeling, met inagneming van die verskille wat genoem is, van die naturellevolke in belang van hulself en die van die land.

‚Dergelike ontwikkeling moet onder blanke toesig geskied.'

„Aangesien ruimte my belet om 'n volle weergawe te gee van die beleid wil ek net byvoeg dat die V.P. verklaar dat hy afsonderlike naturelledorpe en opleidingsgeriewe begeer ten einde die naturelle in staat te stel om 'n aandeel te neem in die diens van hul volk.

### H.N.P.-BELEID

Hier volg nou 'n paar uittreksels van die H.N.P. se beleid:

‚Die party se nie-blanke-beleid is gegrond op twee fondamentele beginsels. Dit is — apartheid en voogdyskap (baie soos die van die V.P.).

‚Dit beteken nie onderdrukking van die nie-blanke nie, maar die uitskakeling van rasse-wrywing.

‚Die reg van die nie-blanke om te bestaan en te ontwikkel word erken maar apart van en onder leiding van die blankes.

‚In stedelike gebiede sal die naturelle gehuisves word in hul eie woonbuurtes, met behoorlike inagneming van ordentlike behuising en gesonde woontoestande.'

„Die belangrikste verskil in die naturellebeleid is dat die V.P. vir die handhawing van die naturelleverteenwoordiging in die parlement staan, terwyl die Nasionaliste dit wil afskaf."

**Die korrespondent verwys dan na die feit dat ook die Afrikanerparty nie ten gunste van die afskaffing van die naturelleverteenwoordiging is nie, en dat daar dus voldoende grond bestaan vir samewerking tussen die partye — en as daar eers bymekaar gekom is, sal 'n uitweg wel gevind kan word aangesien albei partye toegewings sal maak soos wat altyd gebeur waar ooreenkoms verkry word.**

## Nog Meer Punte Van Ooreenkoms

**„Dit het in baie Verenigde Party-kringe mode geword om die begrip ‚Christelik-nasionaal' as 'n politieke vloekwoord teen die Nasionaliste te gebruik en lede van die Verenigde Party daarmee die skrik op die lyf te jaag. Gister was nog weer in die Kaapstadse Verenigde Party-pers propaganda van hierdie aard gevind,"** skryf Die Burger.

„Hierdie propagandiste weet blykbaar nie, en vertel dit in elk geval nie aan die Sap-opstraat nie, dat die eerste artikel van die Verenigde Party se program van beginsels onder meer verklaar dat die party **„die ontwikkeling van die volk van Suid-Afrika langs kristelik-nasionale weg"** verlang.

„In hierdie saak kan ons nou gerus helderheid kry. As die ‚Christelik-nasionale weg,' waarvan ook die eerste artikel van die program van beginsels van die Nasionale Party melding maak, iets uit die bose is, wat soek dit dan onder die Verenigde Party se beginsels? Of moet ons aanneem dat dit vir die Verenigde Party veroorloof is om hierdie beginsel te onderskryf, maar vir die Nasionale Party verbode?

### REPUBLIEK

**„'n Soortgelyke posisie bestaan ten opsigte van die republikanisme.** Die Nasionale Party word vroeg en laat veroordeel en uitgekryt omdat sy program van beginsels republikeins is, **maar terselfdertyd verskyn in die program van beginsels van die Verenigde Party 'n artikel wat spesiaal daar ingeskryf is met die doel om lede van die Verenigde Party in staat te stel om 'n republiek te bepleit.** Wat soek hierdie artikel in sy konstitusie?

**„Dit staan organe en lede van die Verenigde Party seker vry om die Christelik-nasionale en republikeinse beginsels te bestry, maar is dit eerlik om die Nasionale Party op grond daarvan aan te val sonder om tegelyk die aandag te vestig op wat die konstitusie van die Verenigde Party in hierdie verband bepaal en toelaat?"**

## Republiek Moet Wag Tot Engelse Dit Verlang

**„Dr. Malan het hom weereens oor die onderwerp republikanisme laat hoor," skryf Willem van Heerden in sy weeklikse politieke oorsig in Dagbreek.**

„Die Eerste Minister het — waarskynlik ten antwoord van adv. J. G. Strydom wat die hoop uitgespreek het dat die republikeinse ideaal nog onder dr. Malan se leiding verwesenlik sal word — die volgende gesê:

„Ons moet met takt en versigtigheid op die pad na 'n republiek loop en sal hom kry sonder rewolusie en met instemming van 'n groot deel van die Engelssprekende bevolking."

„Die verklaring was waarskynlik bedoel om die indruk, ook by 'n deel van die Premier se republikeinsgesinde ondersteuners, te verwyder as sou hy in hierdie opsig 'n koers aanvaar het wat in beginsel afwyk van dié van sommige van sy kollegas. Die uitwerking sal dit waarskynlik ook hê.

### NIE GOU NIE

„Terselfdertyd het hy sy woorde blykbaar gekies om twee implikasies te dra. **Die eerste is 'n herinnering aan republikeine dat dit geen ontwikkeling is wat in 'n ommesientjie verwag moet word nie.**

„Hy stel die republikeinse regeringsvorm vir Suid-Afrika voor as 'n wenslike en 'n noodwendige ontwikkeling, maar nie as 'n praktiese politieke doelwit vir die onmiddellike nie.

### NIE-REPUBLIKEINE GERUSGESTEL

„Met ander woorde, dr. Malan het opnuut sy geloof bely in die republikeinse regeringsvorm, maar die belydenis gedoen as in die eerste instansie praktiese politieke leier wat nie van voorneme is om iets te begin solank as dit bereken is om te misluk nie. Uitslae van algemene verkiesings tot hiertoe gee namelik geen rede om te dink dat by 'n volkstemming

(Vervolg in kol. 2.)

(Vervolg van kol. 5.)

op die oomblik bevestigend beslis sal word oor die vraag of ons regeringsvorm tot die republikeinse omskep moet word nie.

„In die tweede plek wou dr. Malan nie-republikeine, en saam met hulle die wêreld buite, blykbaar nogeens gerusstel dat niemand behoef te vrees vir 'n republikeinse rewolusie in Suid-Afrika nie.

„Hy glo dat die Unie 'n republiek sal word, maar hy moet dit word sonder rewolusie, en met instemming ook van 'n groot deel van die Engelssprekende bevolking."

# Eentaligheid In Howe

**Die minister van justisie, mnr. C. R. Swart, het die volgende opsomming gegee van 'n geskil wat onlangs in die magistraatshof in Pretoria ontstaan het tussen die magistraat en 'n eentalige regspraktisyn wat aangedring het dat sy vrae aan 'n Afrikaanse getuie in Engels beantwoord moet word omdat hy self nie Afrikaans kan verstaan nie.**

Die getuie het sy verklaring in 'n strafsaak in Afrikaans afgelê. Die advokaat vir die verdediging het om 'n tolk gevra omdat hy nie Afrikaans ken nie. Die magistraat het toe daarop gewys dat daar geen vergunning bestaan om 'n tolk vir 'n regspraktisyn te verskaf nie. Die saak is toe uitgestel. Later het dieselfde advokaat vir 'n ander beskuldigde voor dieselfde magistraat verskyn. Die advokaat het kruisvrae in Engels begin stel aan 'n getuie wat sy getuienis in Afrikaans afgelê het. Die getuie het verkies dat die vrae in Afrikaans gestel word. Die advokaat het toe daarop aangedring dat die hof 'n beslissing gee oor sy reg om die kruisverhoor in Engels te voer.

Die magistraat het geen beslissing gegee nie, maar die saak uitgestel en te kenne gegee dat hy die departement om magtiging sou nader om 'n tolk aan te stel. Die magistraat het daarop gewys dat hy geen mag het om in so 'n geval 'n tolk tot beskikking van die advokaat te stel nie. **Die departement sal reëlings tref om in sulke gevalle tolke beskikbaar te stel.**

In 'n hoofartikel na aanleiding van die geval, skryf Die Volksblad, H.N.P.-blad in die Vrystaat, dat dit jammer is dat die departement van justisie hom geroepe voel om spesiale geriewe vir eentalige regspraktisyns te skep. Hoewel die departement se oorweging die belange van die beskuldigde mag wees, doen dit niks af van die feit nie „dat die staat wat enersyds 'n premie op tweetaligheid plaas, hier onvermydelik 'n subsidie terwille van beskuldigdes aan eentalige regspraktisyns uitbetaal. Vir eentaligheid tree hy hier in die bres en oorweeg hy stappe om dit vir eentaliges moontlik te maak om hul brood in Suid-Afrika te verdien."

## O.B. JAARGANGE

**JAARGANG 1949—1950**

**Nou verkrygbaar teen £1 5s. elk.**

**PRAGTIG INGEBIND**

***VOORRAAD BAIE BEPERK***

**BESTEL DUS DADELIK BY:**

**VOORSLAG (EDMS.) BPK.**

**Groote Kerk-gebou 703 — Kaapstad**

## Teken in op DIE O.B.!

**Suid-Afrika is vandag 'n Koninkryk onder 'n Britse koning:**

**DIE O.B. veg vir 'n Republiek onder 'n Afrikaanse President.**

DIE O.B.

- Verwerp die **Partystelsel** wat die volk verdeel en veg vir die **Partylose Eenheidstaat.**
- Verwerp verteenwoordiging deur **handlangers van politieke partye** en veg vir regering deur **vrye volksverteenwoordigers en deskundige beroepsverteenwoordigers.**
- Verwerp die **Kapitalisme** en veg vir **'n Afrikaner-volksekonomie.**
- Verwerp die politieke, maatskaplike en ekonomiese **integrasie** van die nie-blanke en veg vir **territoriale apartheid.**

DIE O.B. wil 'n vrye, eensgesinde, en welvarende S.A. bou.

DIE O.B. se ideaal is ook u ideaal. Help om dit te verwesenlik.

### Intekenvorm

*Neem asseblief my naam op as intekenaar op „Die O.B." tot ek u in kennis stel om toesending te staak.*

*Hierby ingesluit vind u die bedrag van*..........................

..............................*vir die eerste*..............................*maande.*

*NAAM*..............................................................
(Naam en Adres in Blokletters)

*POSADRES*.......................................................

...............................................................

...............................................................

...............................................................
*Handtekening.*

**Intekengeld: 12/6 per jaar of 6/3 per halfjaar.**

**Voeg asseblief Kommissie by plattelandse tjeks.**

# Koerant Sê Strydom Vrees Republikeinse Mededinging van O.B.

**„'n Ernstige meningsverskil het in die Nasionale Party ontstaan oor die kwessie of republikanisme die strydpunt moet wees waaroor die Nasionaliste die volgende algemene verkiesing gaan veg," skryf die politieke korrespondent van die Sunday Times in 'n berig wat sy blad baie prominent op die voorblad publiseer.**

**„Die Eerste Minister, dr. D. F. Malan, glo nie dat republikanisme 'n strydpunt in die nabye toekoms moet word nie, en hy het dit reguit aan die koukus van die Nasionale Party gesê. Sy vernaamste teenstander is mnr. J. G. Strydom, leier van die Nasionale Party in die Transvaal, wat groot invloed uitoefen ten aansien van die besluite wat die party neem.**

**„Een van die vernaamste redes," aldus die Sunday Times, „waarom mnr. Strydom die republiek 'n onmiddellike politieke strydpunt wil maak, is sy vrees dat republikanisme, as 'n strydkreet, deur die Ossewabrandwag oorgeneem sal word."**

### NET DRIE REPUBLIKEINE

Voorts verklaar die blad dat sowel lede van die kabinet as nasionale parlementslede begin kant kies in die stryd wat ontstaan het. Die blad se korrespondent deel mee dat hy in staat is om sommige besonderhede te verstrek van die stryd wat agter die skerms plaasvind.

„Op die huidige stadium word mnr. Strydom slegs deur drie ander lede van die kabinet ondersteun — mnr. C. R. Swart, leier van die Nasionale Party in die Vrystaat, mnr. E. H. Louw, en dr. H. F. Verwoerd. Dr. Malan geniet glo die ondersteuning van die meerderheid van die lede van die Nasionale Party-koukus in die stryd.

### STRYDOM SE STANDPUNT

„By geleentheid van 'n gewigtige koukusvergadering wat onlangs plaasgevind het, het mnr. Strydom sy standpunt soos volg gestel:

„Hy het gesê dat republikanisme die enigste veilige grondslag is waarop die Nasionale Party aan bewind kan bly. Republikanisme geniet die ondersteuning van die meeste Afrikaners en die platteland onderskryf die beleid. Mnr. Strydom het gepleit dat republikanisme 'n vername rol moet speel in die regering se veldtog by die volgende verkiesing.

### MALAN SE DRIE STELLINGS

„Daarna het dr. Malan geantwoord. Hy het nadruklik drie stellings neergelê:

„Eerstens, het hy gesê, dat wat in die Transvaal mag geld nie in die res van die Unie geld nie.

„Tweedens, hoewel mnr. Strydom die leier van die Transvaalse Nasionaliste is, is hy nie die leier van die Nasionale Party in Suid-Afrika nie.

**„En derdens — dit was eintlik die Eerste Minister se mees dramatiese uitdaging — het hy gewaarsku dat mnr. Strydom dieselfde rol in die Nasionale Party mag speel as wat wyle mnr. J. H. Hofmeyr in die Verenigde Party gespeel het.**

### DIE V.P. SE SKYF

„Dr. Malan het aan die koukus verduidelik dat die Nasionale Party in die jongste algemene verkiesing sy hoofaanval op mnr. Hofmeyr gemik het en sodoende het hulle die Verenigde Party verslaan.

**„In die volgende algemene verkiesing sal die Verenigde Party weer sy hoofaanval op mnr. Strydom mik en sodoende mag hulle die Nasionale Party verslaan — dit wil sê as mnr. Strydom volhard om 'n onmiddellike strydpunt van republikanisme te maak.**

„Mnr. F. C. Erasmus, minister van verdediging, het ook vir min. Strydom gekritiseer in die koukus.'

### DIE VERJAARDAG-ATMOSFEER

„Ten spyte van die teenstand wat hy ondervind het, het mnr. Strydom volhard in sy standpunt. Daar is toe besluit dat die saak uitgestel sal word tot na dr. Malan se verjaardag op 22 Mei, in die verwagting dat 'n verandering van standpunt sal plaasvind in die verjaardag-atmosfeer van gelukwensinge en aanbiedinge.

„Die koukus het soos gewoonlik vergader, maar slegs om hulde aan dr. Malan te betuig op sy verjaardag. **Mnr. Strydom het dr. Malan gelukgewens en— die kwessie van die republiek geopper.** Hy het die hoop uitgespreek dat die republiek verkry sal word solank dr. Malan nog die leier van die Nasionale Party is.

### WIL KOMPROMIS AANGAAN

„Dr. Malan het geantwoord deur te sê dat 'n republiek sal en moet kom.

Die Sunday Times se korrespondent verklaar voorts: „Maar lede van die koukus het vir my gesê dat dr. Malan gladnie afgesien het van sy standpunt dat die tyd nie ryp is om republikanisme 'n strydpunt te maak nie. Hy glo dat baie bereik kan word deur kompromis aan te gaan en dit is die standpunt wat hy gaan volg."

(Vervolg in volgende kolom)

(Vervolg van vorige kolom)

### BINNEKANT OF BUITEKANT DIE STATEBOND

„Die mees betekenisvolle aspek van die stryd tussen dr. Malan en mnr. Strydom is dat hulle nie slegs verskil oor die taktiese kwessie of republikanisme 'n onmiddellike strydpunt gemaak moet word nie, maar ook oor die fundamentele kwessie of Suid-Afrika 'n republiek binnekant of buitekant die statebond moet word.

**„Dr. Malan het die koukus meegedeel dat Suid-Afrika 'n republiek binnekant die statebond moet word.**

„Mnr. Strydom het daarenteen verklaar dat Suid-Afrika gaan weier om die voorbeeld van Nehru te volg. Hy het gesê dat Suid-Afrika onafhanklik is en op sy eie pote kan staan. Hy het gevra of Suid-Afrika sy beleid gaan grond op die voorbeeld van Indië. **Suid-Afrika, het hy gesê, moet 'n republiek buitekant die statebond word."**

# O.B. en „Veterans"

(Vervolg van bls. 2 kol. 5)

ganisasies. Sekere mense kan ook nou die rol speel van skakelpersone tussen die W.V.A.C. en die Verenigde Party.

*Die O.B. het dure ondervinding van die rol wat sekere H.N.P.-politici gespeel het in hul hoedanigheid as „skakelpersone" tussen die H.N.P. en die O.B.*

## *Die Party moet sy Tyd Afwag*

Die derde stadium is die afwagting van die sielkundige oomblik om die aksie-beweging die oorlog aan te sê.

„Intussen kan heelwat ontkennings van verdeeldheid en betuigings van hartroerende eensgesindheid en samewerking verwag word. Die W.V.A.C. is ná die betogings van die afgelope paar weke, wat die Verenigde Party se eie proteste na kinderspeletjies laat lyk, te sterk om tromp-op geloop te word. Die party sal sy tyd moet afwag."

*Die H.N.P. het sy tyd geduldig afgewag. O.B.-lede onthou seker nog goed hoe die H.N.P.-leier eers gesê het—vat jy aan die O.B., dan vat jy aan my—en hoe hy later nie net self aan die O.B. „gevat" het nie, maar die beweging „geslaan" het.*

## *Die Voorbereidings Agter die Skerms*

In die vierde stadium word die voorbereidings vir die stryd versigtiglik agter die skerms getref.

„Dit het trouens nog lank nie tot die opposisie-gesinde publiek deurgedring dat daar selfs 'n moontlikheid van spanning is nie. Dit is alleen in ingeligte leierskringe waar die gevaar vir die eenheid van die anti-Nasionale front enigsins besef word.

*Arrie, hoe naarstiglik het die H.N.P.-leiers nie die skeuring met die O.B. agter die skerms voorberei nie! En omdat hulle agter die deur gestaan het, soek hulle nou die V.P.-leiers ook daar:*

„Daar is dus stellig Verenigde Party-leiers wat die ontwikkeling en groei van die nuwe mededinger met 'n mate van kommer sal dophou. Hulle wil nie 'n soort O.B. naas hulle op die politieke terrein hê nie. As hulle die W.V.A.C. kan gebruik, sal hulle dit doen, maar hulle sal veg teen 'n alternatiewe opposisie-leierskap en alternatiewe metodes en programme — agter die skerms so lank dit kan, maar openlik as dit nie anders kan nie."

## *Die Pers sal Oorwinning Waarborg*

Eindelik gooi die H.N.P.-propagandiste hulle atoombom! Die V.P. se pers kan die War Veterans „doodmaak" net soos die H.N.P. se pers die O.B. probeer doodmaak.

Eers is die V.P.-voormanne bang gemaak; toe is aan hulle 'n oorlogsplan gegee; en nou word hulle van oorwinning verseker:

„Daarby kan die politici die hulp inroep van die grootste deel van die Engelse pers om die W.V.A.C. se ambisies op subtiele wyse in toom te hou. Daardie pers het hom geheel agter die fakkelbeweging ingewerp en veel tot die opbou van die beweging bygedra; maar net 'n woord in die regte kringe en die W.V.A.C. sal vind dat hy nie meer so danig baie publisiteit kry nie. Groepkaptein „Sailor" Malan en die ander kêrels wat skielik tot nasionale figure opgeblaas is, sal vind dat hulle uitoorlê word ten bate van die gevestigde partypolitici. Sonder die steun van die Engelse pers sal die W.V.A.C. waarskynlik so vinnig kwyn as wat hy gegroei het."

Dit is die „Operation War Veterans" wat die H.N.P. se propagandiste vir die Verenigde Party en hul pers voorberei het. En die voorbereidings is gebaseer op die ervaring wat die H.N.P. opgedoen het in sy stryd teen die Ossewabrandwag!

Die H.N.P. se propagandiste het reggekry wat ek nooit verwag het nie: hulle het my byna beweeg om simpatie te hê met die War Veterans.

# S.A. Engelse Vestig Hoop Op Leë Bron

Die tekort aan Engelse onderwysers is nie net 'n verskynsel wat kenmerkend van ons land is nie, maar word ook in Brittanje ondervind. Veral as gevolg van die groot geboortetoename sedert die oorlog sal daar teen 1954 'n tekort van ongeveer 20,000 onderwysers in Engeland wees. Ten einde die toestand te verbeter word daar tans buitengewone maatreëls getref om mense in ander beroepe oor te haal en binne beperkte tyd voor te berei as onderwysers.

**Indien daar gehoor gegee sou word aan die versoeke van Engelse in ons land om onderwysers uit Brittanje in te voer, sal Brittanje uit sy beperkte voorraad moet gee. Dit is nietemin twyfelagtig of sy eie tekort hom minder vrygewig sal stem, aangesien dit die Britse beleid is om die Statebondslande soveel Brits as moontlik te hou. In die geval van immigrasie moedig Brittanje sy bevolking aan om na die dominiums te gaan, al moet hy die leë plekke opvul met immigrante van Europa af. 'n Groot aantal Italianers is byvoorbeeld onlangs ingevoer om die plekke te neem van die tienduisende Britte wat onder meer ook sedert 1948 na Suid-Afrika verhuis het.**

# Kan Bybel Lees In Baie Tale

Die Bybel is tans in 1,034 tale van die wêreld vertaal. 246 Tale beskik net oor die Nuwe Testament en 597 net oor een of meer Evangelies of gedeeltes van die Bybel.

In Afrika alleen is daar meer as 300 verskillende tale waarin die Bybel vertaal is, terwyl nog etlikes in voorbereiding is.



# ‚Juweeltjies' uit Hansard: Nat Ore en Nat Twak

**'n Groot deel van die tyd — waarskynlik die oorgrote deel van die tyd in die parlement word nie vir die bevordering van landsbelange gebruik nie, maar deur „Sy Majesteit se Opposisie" en „Sy Majesteit se Regering" verknaag in hul „spel" teen mekaar om besit van die regeringskussings. Hieronder volg nog 'n voorbeeld uit Hansard van die partygeskarrel — iets wat nooit in die ou Boererepublieke voorgekom het nie omdat daar geen Britse partystelsel in swang was nie:**

**Dr. Jonker:** Ek sal by die morele aspek kom en dan sal die agb. lid baie spyt wees. Telkens, nie alleen in hierdie debat nie, maar by vorige geleenthede het lede van die Nasionale Party, soos ook die agb. lid vir Malmesbury vanaand met die storie voor die dag gekom dat ons van die Verenigde Party dan nie die naam van Genl. Hertzog mag aanhaal nie, want ons sou dan genl. Hertzog in die rug gesteek het op 4 September 1939.

**Mnr. Botha:** Hy het dit self gesê.

**Dr. Jonker:** Daar is baie ander dinge wat genl. Hertzog self gesê het, en as ek moet aanhaal wat hy gesê het van die gesuiwerde Nasionale Party, dan sal agb. lede aan die oorkant vanaand lede aan die oorkant vanaand hulle koppe onder die banke wegsteek. Moet ek hulle daaraan herinner dat wyle genl. Hertzog van die huidige Eerste Minister gesê het — ek sê dit nie, maar genl. Hertzog het dit gesê — dat dit vir hom konstitusioneel onmoontlik is om 'n ander man se woorde weer te gee soos hy dit gesê het? Moet ek julle herinner aan nog 'n paar ander dinge?

**'n Agb. lid:** Julle smous heeldag met sy naam.

**Dr. Jonker:** Ons sou dan genl. Hertzog in die rug gesteek het. Ons het 'n beginsel neergelê — en dit was 'n beginsel van die Verenigde Party, wat toe aan die bewind was — dat daar geen beleid van neutraliteit of andersins neergelê word nie, maar as daar oorlog uitbreek, dan sal die Parlement bymekaar geroep word en die Parlement sal besluit wat om te doen, en die Parlement is deur genl. Hertzog bymekaar geroep. Die Parlement het met 'n meerderheid van stemme besluit wat om te doen volgens die beleid van die Verenigde Party.

**Mnr. Botha:** Toe sit jy by die huis.

### „OU STORIE"

**Dr. Jonker:** Op watter wyse het ons, wat aan hierdie kant van die Raad gebly het, hom in die rug gesteek? Maar laat ek sê dat die lede van die huidige Nasionale Party wyle genl. Hertzog minstens twee maal in die rug gesteek het, en die tweede maal het hulle hom na die graf gedryf.

**Mnr. A. Steyn:** Dit is die ou storie.

**Dr. Jonker:** Die eerste maal het hulle hom in die rug gesteek in 1933—34 toe die Minister van Finansies en wyle genl. Hertzog saam gekom het met genl. Smuts om die Verenigde Party te stig, en die agb. lid vir Drakensberg (dr. Steenkamp) en ek en andere aan hierdie kant het hom gevolg en ons het saamgegaan.

**Mnr. Potgieter:** Wat het dit met die debat te doen?

**'n Agb. lid:** Jy het met Conroy saamgegaan.

**Dr. Jonker:** My agb. vriend sal nog in die toekoms die geskiedenis leer. Hulle het genl. Hertzog toe in die rug gesteek.

**Mnr. Serfontein:** Wanneer was dit?

**Dr. Jonker:** Ek het dit reeds gesê — in 1933—34. Die tweede maal het hulle hom in die rug gesteek, nadat genl. Hertzog hom ongelukkig uitgelewer het aan hulle, op die kongres in Bloemfontein in 1940 of 1941 . .

**'n Agb. lid:** 1940.

**Mnr. A. Steyn:** Jy weet niks daarvan nie.

**Dr. Jonker:** Die Minister van Justisie wat ongelukkig nie op die oomblik hier is nie, sou ons ook kon vertel van die vrymeselaarstorie wat gebruik is teen die Minister van Finansies en wyle genl. Hertzog.

**Die Waarnemende Speaker (Mnr. G. P. Steyn):** Orde, orde! Ek dink die agb. lid moet terugkom tot die voorstel.

### KAN KORT WEES

**Dr. Jonker:** Ek wou net antwoord op die aantyging van die agb. lid vir Malmesbury, maar ek neem u reëling graag aan. **Wat ek eintlik wou gesê het in hierdie stadium van die debat, kan ek baie kort saamvat,** en daarvoor wil ek nou aansluit by die agb. lid vir Brakpan (mnr. Trollip) dat dit hier om niks anders gaan as om die kwessie van die gegewe woord van die blankes van Suid-Afrika nie, en ek praat nou as Afrikaanssprekende. Ek praat as Afrikaanssprekende wat my Afrikaanssprekende leiers gevolg het vandat ek in die politiek belang gestel het. Deur al die jare heen het al die leiers wat ek geken het, al die Afrikaanssprekende leiers in die politiek, met een woord en met een stem gepraat, nl. dat die Kleurlinge van die Kaapprovinsie politiek en ekonomies 'n deel uitmaak van die blanke bevolking en saam met die blanke bevolking gelykop behandel moet word in daardie twee opsigte.

**Mnr. Botha:** Tot 1932.

**Dr. Jonker:** Daar gaan 'n stem op „tot 1932." In 1932 op die Nasionale Partykongres van die Kaapprovinsie, wat op Stellenbosch gehou is, het 'n deel van die ou Nasionale Party van daardie eerbare weg afgewyk. Daar het 'n deel van die ou Nasionale Party afgewyk, van daardie eerbare weg wat nog altyd deur alle politieke leiers van Suid-Afrika gehuldig was. Laat ek u daaraan herinner, mnr. die Speaker, hulle afwyking het só geskied dat hulle dit nie eens in „Die Burger" onder aparte hoof aangekondig het nie. Hulle het die besluit wat hulle daar geneem het dat die Kleurlinge op 'n aparte lys moet kom, weggesteek in 'n onderhoof wat gehandel het oor Naturellesake.

### „NAT AGTER ORE"

**Mnr. Botha:** Toe was jy nog een van die organiseerders.

**Dr. Jonker.** Nee, toe was ek al daaruit. Daardie dinge het hulle weggesteek. Laat ek net eers my agb. vrinde herinner aan wat gebeur het in Stellenbosch. Wyle mnr. Bruckner de Villiers wou hom nie daarmee vereenselwig nie, en wyle dr. Stals het ook geweier om hom daarmee te vereenselwig. U sal sien, mnr. die Speaker, dat by die volgende jaar se verkiesing in 1933 dr. Stals hom nie weer verkiesbaar gestel het nie.

**Mnr. Potgieter:** Dit was 'n eenparige besluit daardie tyd.

**Dr. Jonker:** Dit was nie 'n eenparige besluit nie. Die agb. lid vir Brits (mnr. Potgieter) was nie daar nie, en ek dink die agb. lid vir George (mnr. Botha) was nog 'n bietjie nat agter die ore.

**Mnr. Botha:** Jy praat nou nat twak.

**'n Agb. lid:** Hy is nog nat agter sy ore.

**Dr. Jonker:** In 1932 het 'n deel van die ou Nasionale Party van daardie eerbare weg afgewyk.

**Mnr. Potgieter:** Van daardie uitheemse weg.

**Dr. Jonker:** Die volgende jaar toe die koalisieverkiesing kom, het hulle gerieflikerwyse alles vergeet van die Stellenbosch-besluit en hulle het almal kom staan as koalisiekandidate, of anders het nie een van hulle weer in die Parlement gekom nie. Toe hulle eers weer in die Parlement gekom het onder die dekmantel en op die rug van koalisie, het hulle daardie dwaalweg opgegaan wat hulle tot vandag toe nog volg . . .

# O.B.-VROUE BYEEN

**Die maandelikse vergadering van O.B.-vroue van die Kaapse Skiereiland en omstreke het verlede Woensdagmôre aan huis van die Kaaplandse vroueleidster, mev. (dr.) J. S. du Toit, plaasgevind.** Mev. Du Toit het die vergadering ingestel. Die vergadering word die laaste Woensdag van elke maand gehou en sal voortaan weer gereeld in die Komitee-kamer, Groote Kerk-gebou, gehou word om half-elf in die oggend.

Verlede Woensdag se vergadering was besonder goed bygewoon. Op uitnodiging van mev. Du Toit het mev. Morrees van Aarde (assistent-hoofkommandante) van Malmesbury, as voorsitster opgetree en die verrigtinge gelei.

Mev. Du Toit het die vroue toegespreek oor die vrou se waarneming van die tekortkomings van die apartheidsmaatreëls wat getref word. 'n Baie interessante bespreking het uit die inleiding gevloei.

Mev. (dr.) F. D. du T. van Zyl het gesê dat die vroue planne moet bedink en aanwend om die standpunt van die O.B. doeltreffender bekend te stel — nie in 'n gees van vyandskap teenoor ander nie, maar as noodsaaklike volksvoorligting.

Daar is ook gedagtes gewissel oor die aard van funksies wat die vroue kan organiseer met die oog op O.B.-Fondsdag wat jaarliks op 8 Augustus gehou word. Die Stellenbosse vroue het gerapporteer dat hulle, soos gewoonlik, 'n basaar gaan hou.

Heerlike verversings is bedien en die vroue het gesellig ander mekaar verkeer.

Die volgende vergadering vind plaas op 27 Junie in die komitee-kamer om 10.30 vm.

§„DIE O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia Drukkery, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

# Herinneringe

(vervolg van bladsy 1 kolom 5)

hoord in tronkselle opgesluit en gemartel, andere na konsentrasiekampe gestuur. Die hel is as't ware losgelaat onder lede van die Ossewabrandwag. Jongmanne het as gevolg ondergronds gegaan, hulself Stormjaers genoem en soms in weerwraak handuitgeruk. Politici het òf begin bang word òf die openbare demonstrasies van die O.B. gevrees as 'n bedreiging ook vir die party se invloed.

Binne die partygeledere self het tweedrag ontstaan. **Manne soos die teenswoordige minister van justisie het met die berugte storie o.a. na my gekom as sou Hertzog 'n Britse republiek, een binne in die Statebond in oorleg met Smuts en die Vrymesselaars nastrewe en dat hy so 'n brief aan laasgenoemde sou geskryf het — 'n storie wat waarskynlik êrens in Bloemfontein uitgebroei het en wat 'n gruwelike onwaarheid geblyk het te wees — net soos die teen dr. Van Rensburg later as sou hy „by Smuts gereeld besoek" aflê.**

### SKEURING

Die eenheid het begin verbrokkel. In plaas daarvan het tweedrag en bitterheid gekom erger as tydens die rebellie. Hertzog is uit die politiek gestoot en die stryd teen die Ossewabrandwag is aangeknoop op onware gronde en voortgeset op 'n wyse vroeër onbekend in die volk se politieke lewe. Toevlug is geneem tot die vuilste middels, skrikwekkende laster en georganiseerde vervolging van mede-Afrikaners op elke gebied. Wie O.B. was, was verban uit openbare liggame, sosiale byeenkomste, in besigheid geboikot en in politiek vervolg. Intussen het die Smutsjingogroep so sterk gevoel dat Deneys Reitz in die openbaar beloof het om die nasionale Afrikanerdom „onder te ploeg." **Smuts kon sy oorlog onbekommerd voortsit want die nasionaalgesindes beveg en vernietig mekaar. „En waarom sit hulle nie vir Van Rensburg in dit tronk nie?" „Hoekom vang hulle nie die O.B.-leiers nie?" Hierdie vrae hou die bewering in dat hulle „verraad" speel. Die antwoord kon elke nie-blinde partyvolgeling gee. Die Nasionale Party verrig soveel verwoesting aan die Ossewabrandwag se slaankrag en die leiers word so beklad en ondermyn dat opsluiting in die tronk, ophang aan die galg geen groter kastyding of vergryp op hulle kon wees nie. Twee laksmanne was nie nodig nie.**

**Dit is seker politiek die swartste bladsy in die Afrikaner se politieke geskiedenis wat ooit geskryf sal word.**

# OORLOGSWAARDE VAN SIELKUNDE

**Sielkundige metodes om Sjinese troepe tot oorgawe te dwing het soveel welslae in Korea behaal, dat die Amerikaanse regering tans oorweging skenk aan die gebruik van loodslose vliegtuie, met luidsprekers toegerus, as 'n propaganda-wapen aan die front.**

**Die hoof van die leër se sielkundige afdeling, genl. Robert McClure, het gesê dat byna eenderde van die 200,000 Sjinese wat in Korea gevange geneem is, oorgegee het as gevolg van sielkundige metodes.**

Vlugskrifte waarin soldate uitgenooi word om oor te gee, onder andere met die belofte aan uitgehongerdes dat daar heerlike rys vir hulle wag, is deur vliegtuie afgewerp met goeie gevolg. Die Kommuniste het egter die doodstraf uitgevaardig vir almal wat in besit van sulke vlugskrifte gevind word.

Volgens genl. McClure sal niemand egter kan verhinder dat propaganda soldate bereik indien loodslose vliegtuie met luidsprekers gebruik word om oor die vyandelike linies rond te vlieg nie.

• WAARDE
• KWALITEIT
• VERSKEIDENHEID

DAMES-, MANS- en KINDER-UITRUSTERS SNYERS

UNIEWINKELS
Beperk
KERKSTRAAT 275 — PRETORIA
TAKKE: Johannesburg, Benoni, Vereeniging, Kaapstad.




Kan met trots aanspraak maak dat sy kliënte onder die bes geklede klasse tel.

ADDERLEYSTRAAT 134 — KAAPSTAD